Privaatskool Elnatan

Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.

TOESTEMMING VIR VERVOER & VRYWARING TEEN AANSPREEKLIKHEID

Ek die ondergetekende,

_____(ID_____)

in my hoedanigheid as natuurlike ouer / voog van

_____(ID _____),

1. gee hiermee onvoorwaardelik toestemming aan die onderwysers en personeel van Privaatskool Elnatan (waarby sonder enige uitsluiting ingesluit is, alle personeel wat oor die geskikte lisensie beskik) om my bovermelde seun/dogter per motorvoertuig of bus te vervoer, wanneer ek óf my seun/dogter óf enige een anders verantwoordelik vir my seun/dogter dít versoek, óf wanneer dit redelikerwys nodig geag word vir watter rede ook al;
2. verstaan en is ten volle bewus daarvan dat die bovermelde toestemming vir die vervoer van my bovermelde seun/dogter gegee word op die uitdruklike basis van die ondervermelde VRYWARING teen aanspreeklikheid;
3. verstaan en is ten volle bewus daarvan dat díe vervoer van my bovermelde seun/dogter ingevolge die bovermelde toestemming, geskied op sy en my uitsluitlike risiko;
4. verstaan en is ten volle bewus daarvan dat geen bestuurder van ‘n motorvoertuig óf bus wat ingevolge die bovermelde toestemming gemagtig is om my bovermelde seun/dogter te vervoer, of die werkgewer van só ‘n bestuurder óf Privaatskool Elnatan óf die Beheerliggaam van Privaatskool Elnatan enige aanspreeklikheid aanvaar, vir enige verlies, besering, skade, lewensverlies van watter aard ook al en hoe dít ook al tot stand mag kom, wat gely mag word deur my óf my bovermelde seun/dogter, terwyl hy/sy vervoer word of as gevolg van sodanige vervoer ingevolge die bovermelde toestemming nie;
5. doen by ondertekening hiervan afstand van enige reg van watter aard ook al wat ek óf my bovermelde seun/dogter regtens mag hê om enige vorm van vergoeding of kompensasie van enige een óf meer van die bovermelde persone en/of entiteite te eis in verband met enige vorm van verlies, besering, skade, lewensverlies van watter aard ook al, en hoe dit ook al mag ontstaan en/of gely mag word gedurende óf as gevolg van die vervoer van my bovermelde seun/dogter ingevolge die bovermelde toestemming, ongeag óf die verlies, besering, skade óf lewensverlies mag voortspruit uit nalatigheid van enige een óf meer van die bovermelde geïdentifiseerde persone en/of entiteite óf andersins;

Blaai asb om

6. VRYWAAR by ondertekening hiervan elke een van die bovermelde persone en/of entiteite van aanspreeklikheid vir enige vorm van enige eise van watter aard ook al, en hoe dit ook al mag ontstaan in verband met die vervoer van my bovermelde seun/dogter ingevolge die bovermelde toestemming.

HANDTEKENING: _____

PLEK: _____ DATUM: _____